UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUS nuus



## PUMLANI SIBULA
## Imparting knowledge

## Ins and outs of campus parking

Nuwe fasiliteite vir fisioterapie

New book on SA Aids activism

Personeellede stof hul dansskoene af

Prof Albert Grundling oor sy Stalsprys

JAAR 21#04 MEI 2013 YEAR 21#04 MAY 2013
US Personeelblad SU Staff Magazine

# contents inhoud


My kampus: Pumlani Sibula on language .......... 3
SU opens Muslim prayer room .......... 4
Personeel takel 5km-pretdraf/stap .......... 5
New SARChI Chairs for AgriSciences .......... 6
Akademie vereer rits US-akademici .......... 7
Danspassies van personeel betower .......... 8
Workshop explores joint and double degrees .......... 9
The ins and outs of campus parking .......... 10
Rektor oor sy Abraham Kuyper-prys .......... 11
Mediese Orkes in die kollig .......... 12
Kampuslewe: Eet, lees en luister .......... 13
Nuwe fisioterapiedienste op kampus .......... 14
In gesprek met prof Albert Grundling .......... 15
Brokkies in Beeld .......... 16












*Redakteur:* Wayne Muller
*Voorbladfoto:* Anton Jordaan
*Bladontwerp:* SUN MeDIA
*Drukwerk:* SUN MeDIA
*Advertensies:* Conita Henry
tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
*Redaksionele bydraes aan:* Die Redakteur,
Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,
faks: 021 808 3800,
e-pos: kampusnuus@sun.ac.za
of wmuller@sun.ac.za

UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY




## VAN DIE Redakteur

We might work at an academic institution but that does not mean we are serious all the time.

At Stellenbosch University we know how to have fun too. And in April some staff members showed just how much fun we *can* have – in this issue we tell you all about it.

On 11 April, the HR Wellness division held their third Fun Run/Walk on the Stellenbosch campus. It was the perfect opportunity for staff members to have some fun and build some team spirit. On page 5 we tell you how enjoyable it was.

Die Maties-dansvereniging het ook hul Dancing in Style-kompetisie in April gehou waarin studente-dansinstrukteurs en US-personeel hul danspassies ten toon gestel het. Een van die deelnemers vanjaar was Pia Nänny, redakteur van *Boschtelegram.*

Op bladsy 8 vertel Pia ons van haar en die ander personeellede se ervaring – én deel 'n paar foto's van hul passies op die dansvloer.

Also in this issue of *Kampusnuus*, we report on the University's new parking system, being implemented at the moment. On page 10 we provide you with all the information you need to get to grips with the new system.

*Kampusnuus* berig ook oor personeel wat beloon is vir hul grootse bydraes. Rektor prof Russel Botman het een van die hoogste eerbewyse aan gereformeerde teoloë ontvang, die Abraham Kuyper-prys van die Princeton- Teologiese Seminarium in Amerika. Op bladsy 11 vertel hy ons meer daaroor.

Die Akademie vir Wetenskap en Kuns het vanjaar talle US-personeellede met pryse beloon. Stephanie Nieuwoudt gesels met een van hulle, prof Albert Grundlingh van die Departement Geskiedenis.

Lees ook oor die nuwe fisioterapie-fasiliteite wat pas bekendgestel is, asook twee opwindende musiekkonserte deur US-personeellede en -studente.

Geniet hierdie uitgawe van *Kampusnuus* en laat hoor van jou.

*Wayne*

## KAMPUS klets

Alhamdulillah. It is finally possible for us to pray on the University campus with ease – like Muslims are able to at all other campuses in SA. (See page 4.) It is a great help and a kindness and I congratulate Rector Botman on his initiative and understanding and generosity, as well as all the other individuals who've worked to make this possible. – *Muhammed Nizaar*

Congratulations Prof Botman (on winning the Abraham Kuyper Prize, see page 11). You have proved what it means to be the captain of one's own ship. Our telematic students at the Military Academy salute you. "The ultimate measure of a man is not where he stands in moments of comfort, but where he stands at times of challenge and controversy," said Martin Luther King, Jr. – *Raymond van Diemel*

Ons hier by Aankope sien elke jaar uit na die (Welwees) Pretdraf/stap, soveel so dat die manne mekaar uitdaag – als in goeie gees natuurlik! (Sien bladsy 5.) Ses van ons manne het onder die top 20 geëindig. *Well done*, Aankope/ Finansies! – *Wayde*

Altyd lekker om op hierdie wyse (Welwees Pretdraf/stap, sien bladsy 5) deel te kan voel van die groter personeelkorps. Ek vertrou dat al meer personeellede sal deelneem. – *Llewellyn*

Well done and thumbs up to the colleagues from the Library and Information Service (on winning the Wellness Fun Run/Walk, see page 5)! Maybe next year we at Medicine & Health Sciences Library will be able to attend as a group as well! – *Ingrid van der Westhuizen*

*You are welcome to write to Kampusnuus. Send a short letter to kampusnuus@sun.ac.za, fax 021 808 3800 or deliver at Admin B. A pseudonym may be used, provided that you supply your name and email/physicial address (not for publication). Kampusnuus reserves the right to shorten and edit letters. Comment on our SU Facebook page at www.facebook.com/stellenboschuniversity, or follow us on Twitter (stellenboschuni).*





# Imparting knowledge drives Pumlani

*When it comes to teaching, Pumlani Sibula, Head of SU's Unit for isiXhosa at the Language Centre, is as passionate about his craft as they come – as those who have tackled the Unit's introductory isiXhosa acquisition course can attest to. Sibula has been working at SU for the past ten years and says imparting new knowledge to someone who is thirsty for it, is what drives him every day. By ILSE ARENDSE*

**My roots are in the Eastern Cape ...** I am the youngest of four children and was born in Buntingville, Mthatha. I started my working career teaching at Kayamandi High School. While there I also studied towards my Bachelor's Degree in isiXhosa and Education through UNISA, and then my BA Honours and Master's Degree here at Stellenbosch University in African Language literature. My academic life at SU started in 2003 and that was also the birth of the Unit for isiXhosa.





**The Unit for isiXhosa ...** is in line with our university's strategic objectives of promoting multilingualism. It has a dual task of developing isiXhosa as an academic language through terminology development for Faculties, Departments, Divisions and Centres. So far the Unit has developed terminology for Social Work, Sociology, Law, Psychology, and Economic and Management Sciences. On top of that, it has developed sport terminologies for rugby, soccer and cricket. We also present language courses for staff members and students to equip them with basic acquisition skills. These courses are co-ordinated by our office manager, Grant Ngidi, who joined the Unit in 2010.

**For me, a typical day at the office …** entails lecturing third- and fourth-year students from the Education Faculty, international students as well as staff members from our various campuses. My day also include a meeting with the Director of the Language Centre, Prof Leon de Stadler, and a management meeting. I love my job and I am passionate about teaching isiXhosa to non-isiXhosa speakers. Imparting new knowledge to someone who is thirsty for it, that is what drives me every day. I believe that teaching people about my language is crucial because language is a vehicle of culture. I want people to be proud of their language.

**In my free time ...** I love spending time with my family and friends. I also translate various kinds of documents from English to isiXhosa and from isiXhosa to English for companies and publishing houses like Maskew Miller, Cambridge and Oxford University Press.

**My philosophy in life ...** is to believe in yourself and be passionate about what you are doing and then people will believe in you. No one will believe in you if you don't believe in yourself. My future plans include officially enrolling for my PhD in Lexicography, so as to continue with the terminology development – a study that is exactly about the work that I am doing and have been doing for the past ten years at the Language Centre.



*Photos: ANTON JORDAAN*

# SU opens Muslim prayer room

Stellenbosch University officially opened a Muslim prayer room on campus at the end of March.

SU Rector Prof Russel Botman's message at the opening was: "Let us all grow closer, engage with each other and learn from each other."

He added: "We want to grow at SU and understand that we are all here for a purpose. I want the Muslim community to feel that they are role-players at this University. May everyone using this facility enjoy peace, secure in the knowledge that they are welcome here. And may we all engage with each other in a spirit of tolerance."



*Imam Shaakier Vermeulen opens the Muslim prayer room.*
*Photo: SONIKA LAMBRECHT*

Imam Shaakier Vermeulen, leader of the Stellenbosch Muslim community, thanked all the role-players involved in making this prayer room a reality. "This is a great moment and we welcome this opportunity to spread peace on the University campus. We must also remember the aim is not to isolate ourselves from other faiths but see this as an opportunity to come together."

Adli Peck, Chairperson of the Islamic Society of Stellenbosch University (ISUS), said: "Muslim Maties, this occasion is just for you and it symbolises the important role that faith plays at Stellenbosch and the University's aim to strengthen ties – ties that can only benefit us all."

According to Brandon Como of the Centre for Student Affairs, Muslim students and staff first approached the University management about five years ago. "Although management approved a Muslim prayer room at that stage, it was only this year, with the refurbishment of the top floors of the Neelsie, that it became possible to allocate a specific area to be converted into a prayer room."

# Maties Golf partners with Swingfit

Maties Golf has announced a new golfing partnership with the Swingfit Performance Academy for the 2013 season. Swingfit was set up in 2010 by two keen amateur golfers who saw a place in the Western Cape for a holistic performance academy.

The academy caters for all abilities, from the recreational golfer to the elite amateur, and its aim is to bring the very latest teaching methodology from the European Tour into a structured programme in South Africa.

Swingfit provides five group coaching sessions for the Maties students each week at the De Zalze Golf Club where they are based, and in addition, Maties has arranged monthly squad sessions for the University's top players. During these sessions the coaching covers swing technique, mental skills, golf biomechanics and incorporates skills tests and effective practice drills, all to improve on-course performance.

"We are truly excited about our new partnership with Swingfit and we look forward in taking Maties Golf to new levels with the help of their support," said Maties Golf Manager, Le Roux Conradie. "Golf is very healthy in South Africa and the new relationship with Swingfit will contribute toward establishing the Maties Golf Club as one of the leading golf clubs in South Africa."

# Aartsbiskop Tutu tree op in Stellenbosch

Emeritus-Aartsbiskop Desmond Tutu sal in Julie 'n skaars verhoogoptrede maak by die tiende jaarlikse Stellenbosch Internasionale Kamermusiekfees (SIKMF). Die geliefde wenner van die Nobelprys vir Vrede sal die verteller in 'n werk deur die Suid-Afrikaanse komponis Péter Louis van Dijk wees.

"Omdat die aartsbiskop afgetree is, sien ons dit as 'n groot eer vir die fees. Ons is bevoorreg dat hy ingestem het om deel van ons tiende fees te wees – dit sal hierdie vieringsjaar net meer opwindend maak," sê Peter Martens, bekroonde tjellis en die Feesdirekteur.

Die Kamermusiekfees word van 5 tot 14 Julie by die US Konservatorium gehou. Tutu sal op Saterdag 13 Julie in die Endlersaal optree in Van Dijk se *The Selfish Giant*, 'n simfoniese werk met kinderkoor, twee sangsoliste en 'n verteller.

Elke jaar nooi die fees 'n beroemde persoon om as verteller in 'n klassieke werk op te tree. "Maar vir ons tiende fees wou



*Emeritus-Aartsbiskop Desmond Tutu*

ons iemand spesiaal hê as verteller, en die fees se Artistieke Direkteur, Nina Schumann, het Tutu voorgestel. Ons het gereken Van Dijk se *The Selfish Giant* sal die perfekte werk wees vir hom, omdat dit 'n pragtige en roerende verhaal is," sê Martens.

Tutu sê: "Ek sien soveel daarna uit om saam met die kinderkoor en die studente by die Stellenbosch Internasionale Kamermusiekfees op te tree."

Besoek www.sicmf.co.za vir meer inligting.



# US-personeel takel Welwees Pretstap/draf

Die Stellenbosch-kampus was 'n miernes van bedrywigheid op Donderdag 11 April toe 239 US-personeellede en -studente aan die derde jaarlikse 5km Welwees Pretstap/draf deelgeneem het. Dié geleentheid is reeds 'n instelling op die Universiteit se Welwees-kalender.

Maureen Kennedy, Bestuurder: Werknemer Welwees, het gesê die wedloop wys dat, benewens die bevordering van 'n gesonde leefstyl, sosiale geleenthede mense trek en wondere doen vir personeel se moraal. "Die entoesiasme was duidelik sigbaar en daar was definitief 'n goeie spanbou-gees."

Personeel van verskillende afdelings en fakulteite het as spanne ingeskryf en in hul spanklere deelgeneem. Daar was ook 'n toename in die getal deelnemers vanaf satellietkampusse wat vervoer gereël en seker gemaak het hulle is betyds by die wegspringplek.

Prof Julian Smith, Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel, het die deelnemers by die wegspring verwelkom. "Die US maak ems met die welwees van sy personeel en studente. Ten einde te fokus op leer en ondersoek, benodig ons dinamiese en fikse personeel wat 'n gebalanseerde lewe lei."

Andries Bester van die Departement Wingerd en Wynkunde het eerste gekom en Khanita Rhode van die US se Voertuigvloot was die eerste vrou om die wenstreep oor te steek. Die departement met die meeste inskrywings was die Biblioteek-en-Inligtingsdiens – ook die mees entoesiastiese groep met groot steun vir mekaar.

Chantel Newman van Finansies het gesê die Pretstap/draf is 'n wonderlike idee en sy het hope pret gehad. "Ek het ingeskryf want ek probeer om fiks en gesond te bly. Dit is lekker om vir 'n rukkie uit die kantoor te kom en iets soos hierdie saam met kollegas te doen. Ek sal beslis weer deelneem."



*Hier is Maureen Kennedy saam met vanjaar se vrouewenner, Khanita Rhode, en die manswenner, Andries Bester.*



*Die afdeling met die meeste inskrywings vir vanjaar se Welwees Pretstap/draf was die Biblioteek-en-Inligtingsdiens. Hulle was ook die mees entoesiastiese groep met groot steun vir mekaar.*
*Foto's: ANTON JORDAAN*

Volgens Kennedy moet hierdie jaarlikse Pretstap/draf nie beskou word as 'n eenmalige geleentheid nie. "Dit is net 'n herinnering aan die belangrikheid van fisieke aktiwiteit as een van die vereistes vir 'n gesonde lewenstyl."

# SUN MeDIA verhuis

Die kantoorpersoneel van SUN MeDIA Stellenbosch trek na nuwe kantore by The Woodmill in Devon-vallei. Hierdie argitektonies-innoverende kantore weerspieël die dinamiese en kreatiewe aard van die maatskappy en sal vir seker opwindende, vars idees en nuwe groei tot gevolg hê, aldus 'n persverklaring.

AFRICAN SUN MeDIA se kantore is in dieselfde gebou geleë, wat geleenthede skep vir sinergie en 'n energieke werksomgewing. Goeie nuus vir kliënte is dat die kantore maklik toeganklik is en dat daar ruim parkering beskikbaar is.

Die kliëntedienssentrum bly op Stellenbosch se hoofkampus in Admin A 1082 vir die gerief van Universiteitskliënte. Die produksie-aanleg sal ook op kampus bly tot verdere kennisgewing.

Skakel 021 201 0071 vir meer inligting.

## SU's Prof Sampie Terreblanche receives honorary doctorate


*Prof Sampie Terreblanche*

Prof Sampie Terreblanche, former professor of Economics at SU, received an honorary doctorate (*DCom, honoris causa*) from the University of Pretoria (UP) in April.

Terreblanche was a lecturer and professor in Economics at SU from 1965 until his retirement in 1995. He went on to become an emeritus professor and continued lecturing until the end of 2011, concluding a career of uninterrupted teaching in Economics that spanned 54 years.

"Terreblanche has made a lifelong contribution to the economic discipline in South Africa and played a major role in improving our understanding of the political economy and economic history of our country," explained Prof Niek Schoeman of the Department of Economics in the Faculty of Economic and Business Sciences at UP.

Apart from his 54 years of teaching Economics, Terreblanche is also known for his involvement in party politics. He ended his membership of the National Party in 1987 and became one of its strongest critics.

Terreblanche has published eleven books and more than 30 articles in journals and chapters in books. He is a prolific writer of newspaper articles, mainly on political and economic issues concerning South Africa's long transitional period from 1980 onwards.

## Jafta word voorsitter van Media24-direksie


*Prof Rachel Jafta*

Prof Rachel Jafta is aangewys as die nuwe voorsitter van die direksie van Media24, het die maatskappy in 'n persverklaring aangekondig. Sy volg prof Jakes Gerwel op wat in November verlede jaar oorlede is.

Jafta is 'n professor in ekonomie aan die US en het die graad BEcon (Hons) aan die Universiteit van Wes-Kaapland verwerf. Sy het 'n MEcon van die US, asook 'n PhD (Ekonomie) aan die universiteite van Bocconi in Milaan, Italië, en Stellenbosch verwerf. Sy het in 2007 as 'n direkteur by Media24 aangesluit. Sy is die stigter en voorsitter van die Rachel's Angels Trust, 'n akademiese mentorskapprogramme vir gr.11- en gr.12-leerders.

Ton Vosloo, voorsitter van die Naspers-direksie, het gesê Jafta se aanstelling is 'n trotse oomblik in die groep se geskiedenis. "Rachel is die eerste vrou, en die eerste swart vrou, wat tot voorsitter van Media24 verkies is – 'n wonderlike mylpaal."

Jafta het in die verklaring gesê: "Dit is vir my 'n eer om in die voetspore van prof Jakes Gerwel te volg, en opwindend om by die leierspan aan te sluit op 'n tydstip dat snelveranderende neigings ten opsigte van tegnologie en verbruikersvoorkeure, en die reguleringsomgewing ons uitdaag om nuwe geleenthede te identifiseer."

## New SARChI chairs in AgriSciences focus on meat and wine quality

Wine and meat are the respective focuses of two research chairs at the Faculty of AgriSciences. The research chairs are part of the South African Research Chair Initiative (SARChI).

Prof Florian Bauer of the Institute for Wine Biotechnology has been appointed as the SARChI Chair in Integrated Wine Sciences, while the SARChI Chair in Meat Sciences: Genomics to Nutrinomics has been awarded jointly to Prof Louw Hoffmann of SU's Department of Animal Sciences, and Prof Voster Muchenje of the University of Fort Hare.

The SARChI programme is funded by the national Department of Science and Technology and the National Research Foundation.

According to Bauer, work being done through his Chair will focus on developing novel approaches to wine science.

"Our work will specifically focus on the microbiological processes that can be used by industry to turn natural raw materials such as grape juice into value added products such as wine," he added.

An emphasis will be placed on the use of the yeast *Saccharomyces cerevisiae*, a well-established scientific model organism that is often used by evolutionary, cellular and molecular biologists.

Through the SARChI Chair in Meat Sciences: Genomics to Nutrinomics, SU meat scientists are joining forces with the University of Fort Hare to investigate the impact of environmental factors on the quality of fresh and processed meat products.

Hoffman will lead the endeavours of the Chair together with co-chair Prof Muchenje of Fort Hare. Muchenje studies how the welfare of animals in terms of genomics and the environment influence the quality and nutritional value of meat.

"Farmed species, wild animals, wild fowl and various fish species will be investigated," adds Hoffman.


*Prof Florian Bauer*


*Prof Louw Hoffman*

Foto's: ENGELA DUVENAGE

## US alumni gee hul steun vir telethon en studentebeurse


*'n Student hard aan die werk vir die Ploeg Terug-veldtog.*

Alumni van die US het gehoor gegee aan 'n uitnodiging om betrokke te raak by 'n inisiatief wat poog om geleenthede vir studente te skep om hier te studeer toe daar net meer as R100 000 ingesamel is.

Dít was die resultaat van die US se jaarlikse telethon, die Ploeg Terug-veldtog, waar alumni aangemoedig was om 'n bydrae tot die US Beursfonds te maak. Dit is van 18 tot 27 Maart gehou.

Bev Witten, Direkteur van Alumni-verhoudinge aan die US, sê die doel van die telethon, 'n student-gedrewe inisiatief, is om geld in te samel wat gebruik sal word om geleenthede te skep vir studente om hul studies voort te sit by 'n wêreldklas-universiteit wat trots is op sy tradisies, karakter en kwaliteit van navorsing, onderrig en leer.

Prof Russel Botman, US Rektor, het gesê met die ondersteuning van alumni kan hoop aan verdienstelike studente gegee word om ook deel van die US alumni-gemeenskap te word. "Net soos alumni voordeel getrek het uit hul tyd aan die US, kan hulle ons nou help om deure oop te maak vir ander om ook in daardie ervarings te deel."

Tydens die telethon is altesaam 4 184 oproepe oor ses dae gemaak en het die operateurs (finalejaar- en nagraadse studente) nagenoeg 700 oproepe in die telethon-tydsduur van twee en 'n half uur elke aand gemaak.

## Akademie vereer rits US-akademici

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns bekroon weer vanjaar 'n hele aantal kundiges verbonde aan die US.

Die pryse sal tydens twee bekroningsplegtighede, onderskeidelik in Pretoria op 27 Junie en in Stellenbosch op 13 September, oorhandig word.

Die US-bekroondes is:

**Prof Eugene Cloete**, Viserektor: Leer en Onderrig, ontvang die Akademie se Erepenning van die Fakulteit Natuurwetenskappe en Tegniek;

**Prof Albert Grundlingh**, Voorsitter van die Departement Geskiedenis, ontvang die Stalsprys vir Geskiedwetenskappe;

**Prof Philip Spies**, emeritus-professor en voormalige direkteur van die Instituut vir Toekomsnavorsing, ontvang die Stalsprys vir Toekomskunde;

**Prof Hermann Giliomee**, buitengewone professor in Geskiedenis, ontvang die N.P. Van Wyk Louw-medalje (toegeken aan persone wat 'n belangrike bydrae lewer tot die bevordering van die geesteswetenskappe);

**Koos Bekker**, Groep Uitvoerende Hoof van Naspers en US-raadslid, ontvang die Frans Du Toit-medalje vir Bedryfsleiding;

**Prof Jan Lochner**, emeritus-dekaan van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, ontvang die D.F. Malan-medalje (toegeken aan persone wat werk van die hoogste gehalte gelewer het ter bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur);

**Prof Piet Steyn,** emeritus-professor van die Departement Chemie en Polimeerwetenskap en voormalige waarnemende Senior Direkteur: Navorsing, ontvang die M.T. Steyn-medalje vir Natuurwetenskaplike en Tegniese Prestasie;

**Prof Dave Richardson**, verbonde aan die Departement Plant- en Dierkunde en Direkteur van die DWT/NNS Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie, ontvang die Havenga-prys vir Lewenswetenskappe;

**Prof Thinus Kruger**, verbonde aan die Departement Verloskunde en Ginekologie in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, ontvang die Havenga-prys vir Gesondheidswetenskappe; en

**Prof Elizabeth Wasserman**, buitengewone professor in die Departement Patologie, ontvang die Alba Bouwer-prys vir Kinderliteratuur.

Onder die ander ontvangers tel ook alumni van die US.


*Prof Eugene Cloete*


*Prof Elizabeth Wasserman*

## SU launches new website

With the launch of its new website on 21 April 2013, SU became the first tertiary institution in the world to have its public facing site constructed on the responsive SharePoint 2013 technology. The University's websites for the HOPE Project, Alumni and the the Library have been constructed on SharePoint 2010.

In this context responsive technology means that the website has the ability to automatically adapt its format to the device used by the internet user, irrespective if he is using a personal computer, laptop, tablet or smart phone.

"This milestone was not achieved overnight," says Mohamed Shaikh, Senior Director: Communication and Liaison. "Already at the end of 2009 the need to create a single content management system to manage SU's public websites was identified. SU's previous website was outdated in its structure, visual design and technology platform."

According to him the construction of these sites was used to test SharePoint technology and served as confirmation that it would be able to cope in a complex environment such as the University.

# Dans, dans, dans

*Dit was 'n aand van glans en swier toe tien US-personeellede dit onlangs saam met hul instrukteurs op die dansbaan gewaag het om aan 'n gehoor – en kritiese beoordelaars – te wys watter danspassies hulle ná twee maande se intensiewe oefening onder die knie kon kry. PIA NÄNNY was een van hulle.*

Dit was 'n unieke ervaring om aan die Maties-dansvereniging, oftewel Maties Dance Society (MDS), se Dancing in Style-kompetisie vir personeellede en studenteleiers deel te neem – 'n kompetisie wat geskoei is op die formaat van die bekende dansprogram *Strictly Come Dancing*.

Toe D(ans)-Dag uiteindelik ná weke se voorbereiding op 20 April aanbreek, het ons dit begroet met groot opgewondenheid, baie benoudheid en ook 'n tikkie weemoed omdat hierdie fantastiese ervaring binnekort iets van die verlede sou wees.

Die gala-aand was 'n hoogtepunt – die uitrustings, die grimering, die hare, die dansroetines, die ondersteuning van mede-dansers en nuwe vriende en die waardering van die gehoor het ons laat voel soos sterre op die dansbaan, al was ons nie perfek nie.

Wena van der Merwe, 'n administratiewe beampte by die Afdeling Ontwikkeling en Alumni-verhoudinge, en haar dansmaat Siyethemba Masikane is as die wenners van die kompetisie gekroon.

Prof Marena Manley van die Departement Voedselwetenskap en haar dansmaat Ruan Stander was tweede, terwyl Melany le Roux van Kampussekuriteit en haar dansmaat Daniel Vosloo derde was.



*Die top-drie wenners (van links na regs): Ruan Stander en prof Marena Manley (tweede); Wena van der Merwe en Siyethemba Masikane (eerste); en Melany le Roux en Daniel Vosloo (derde).*

Vir Wena, wat oor drie maande 60 jaar oud word, was dit wonderlik "dat ek op my ouderdom kon wen". Sy was die oudste deelnemer aan die kompetisie, en het behoorlik stof in die oë van die ander dansers geskop.

"Dit was 'n ongelooflike ervaring. Ek het 'n instrukteur gekry wat ook verlede jaar se wenner afgerig het. Ons persoonlikhede het uitstekend gepas – hy was entoesiasties en passievol en het my baie aangemoedig en goeie tegniek geleer."

Haar boodskap aan die organiseerders en instrukteurs was: "Julle is 'n ongelooflike groep mense. Ek was regtig beïndruk met julle reëlings vir die groot aand, maar wat my die meeste beïndruk het, was dat julle almal studeer en nog kans gesien het om ons af te rig. Dankie vir hierdie groot voorreg en jul harde werk en opoffering. Siyethemba, jy is fantasties. Ek sou hierdie ervaring vir niks in die wêreld verruil nie."

Vir Marena was daar verskeie hoogtepunte. Een van hulle was toe sy besef sy kan 'n "spot turn" op die "spot" doen.

"En natuurlik die gala-aand... Die reaksie van die toeskouers het die ure se oefen die moeite werd gemaak! Ook die groot bederf van 'n persoonlike instrukteur en nuwe vriende met wie 'n mens die lekker tye kon deel en waarsonder 'n mens nie deur die moedelose dae sou kom nie. Dancing in Style is 'n ongelooflike inisiatief en ek hoop dit sal die nodige ondersteuning kry om dit nog meer spesiaal te maak."

Vir Melany was die ervaring een van die hoogtepunte in haar lewe.

"Ek het elke oomblik geniet en is hartseer dit is verby. Dis wonderlik om te sien hoe almal aan die begin skaars kan dans en aan die einde soos professionele dansers lyk! MDS was fantasties, die hele groep het my van die begin tot die einde so welkom en spesiaal laat voel."

Die organiseerder van die geleentheid, Phillip Titus, hoop die kompetisie word 'n permanente instelling op die Universiteit se sosiale kalender. Die wenners van die studente-afdeling was Shomane Mathiba en Thalia Carstens.




*Melany le Roux en haar dansinstrukteur Daniel Vosloo doen hul Quickstep tydens die kompetisie. Hulle het die derde plek behaal.*



*Artikelskrywer Pia Nänny en haar dansmaat, Andrew Way.*



*Wena van der Merwe dans saam met Siyethemba Masikane.*

## Só sê die deelnemers

**Marinda van Rooyen** (IT Inligtingstelsels): "Ek het nuwe danse aangeleer en nuwe vriende gemaak. Dit was lekker om vir een aand op te *dress* en deel te wees van die *glitz* en *glamour*. Dit was 'n heerlike ondervinding wat ek definitief sal aanbeveel.

**Vincent Pool** (Bellvillepark-kampus): "Dit was 'n fantastiese ervaring. Ek is eintlik 'n introvert, maar nou sal ek enige tyd weer voor mense dans. Ek het reeds besluit om by die dansskool aan te sluit en ek sal enige persoon wat van dans hou aanraai om aan die kompetisie deel te neem."

**Arlene Willetts** (Afrika-sentrum vir MIV/Vigsbestuur): "Dit was wonderlik om mense te ontmoet en saam met hulle iets nuuts te leer. Dit is ook net weer 'n bewys dat jy met die nodige toewyding en geduld van 'n goeie instrukteur die passies kan baasraak!"

**Petro Uys** (Informasietegnologie): "Dit was een van die grootste uitdagings in my lewe, maar 'n aangename ervaring."



# Workshop explores joint and double degree programmes

At a workshop in Stellenbosch in March, the oldest university in Europe, Bologna University, one of the oldest universities in Germany, Leipzig University, and one of the oldest universities in South Africa, Stellenbosch University, shared their expertise on building new forms of international cooperation in the form of joint programmes leading to joint and double degrees. The workshop forms part of an on-going initiative to enhance the Leipzig-Stellenbosch strategic partnership through joint institutional learning experiences.

*For a research-intensive university such as SU the offering of joint and double masters and doctoral degrees is becoming an ever more important dimension.*

For a research-intensive university such as SU the offering of joint and double masters and doctoral degrees with international universities is becoming an ever more important dimension of internationalisation. Such programmes and the joint qualifications enrich the learning and research opportunities for students by providing access to expertise not available at one's own university. It provides a stronger form of institutionalised cooperation and enhances the international relevance of scientific endeavour. In Africa it becomes an instrument to counter the brain drain because students remain enrolled at and graduate from their local university but they also get a joint or double degree with an international university.

The SU Senate has recently adopted a policy that makes such joint programmes possible and a number of agreements with universities in Germany, France, Sweden, and Makerere University in Uganda have been signed. The first Stellenbosch PhD student who obtained a double doctoral degree with a German university graduated recently.

However, there are a number of substantial considerations and technical requirements to be attended to in order to embark on joint programmes that lead to joint and double degree. During the workshop the participants worked through a manual developed in the context of the Joint Programme Management – Conferences and Training (Joi.Con) project led by Leipzig University and the Joint Degree Management and Administration Network (JoiMAN) initiative led by Bologna University.

Dr Svend Poller, Director of the International Centre of Leipzig University and his colleagues, Anne Vorpagel and Tabea Mager, and Francesco Girotti (the International Relations Officer of Bologna University) were the presenters. They shared their experience with deans, deputy deans, programme coordinators and staff members of the SU Postgraduate and International Office and SU's Division for Institutional Research and Planning.




*From left to right, back: Robert Kotze (SU), Dorothy Stevens (SU), Shamin Gaffoor (SU), Dr Svend Poller (Leipzig); middle: Francesco Girotti (Bologna), Desmarie Meintjies (SU), Dr Ronel Retief (SU), André Müller (SU); front: Dr Len Hansen (SU), Anne Vorpagel (Leipzig), Sanchia van Staden (SU) and Prof Jan Botha (SU).*

# The ins and outs of **campus parking**

*How exactly does the University's new parking management system for staff and students work? KAMPUSNUUS tells you the ins and outs of campus parking.*

The first phase of the new parking management system that forms part of an overarching Mobility Master Plan is currently being implemented for staff and students who need to park their vehicles on campus.

The visible signs of the new parking system are:

- The road markings (white, yellow and red lines) are again clearly visible in all SU parking areas.
- Each parking bay is marked with painted in a colour that corresponds with the type of parking for which it is to be used. It also has a parking area code and bay number.
- Each successful applicant receives a parking disc in a colour that corresponds with the allocated parking type. This parking disc will only allow you access to the type of parking bay (reserved, unreserved, peripheral, designated (disabled) or visitors) and the particular parking area(s) you are authorised to use.

## Golden rules for parking

- Park in a bay that corresponds with the colour of, as well as the area code and bay number(s), displayed on your parking disc.
- If the parking area is full, you may park on the campus periphery.
- Double parking and parking on yellow or red lines and loading zones are not permitted.
- Refrain from using parking designated for people with disabilities if you are not authorised to park there.

## What do the various parking disc colours indicate?

| COLOURS | TYPE OF PARKING |
|---|---|
| Dark green | Reserved staff parking. The disc holder may park in the indicated numbered parking bay only. |
| Blue | Unreserved staff parking at buildings. The disc holder may park in any bay painted blue in the allocated parking area. |
| Pink | Peripheral parking for staff. (NB: The bays will be marked with white – only the discs are pink.) The disc holder may park in any bay painted white in the allocated parking area. |
| Lime green | Reserved student parking at SU accommodation. A range of bay numbers are provided to each residence/University home. Technically, the disc holder may park in any bay within the allocated range of numbers. However, the residences or homes may decide internally who may park in which specific bay. |
| White | Peripheral parking for students. The disc holder may park in any bay painted white in the parking area. Visitors' parking is also painted white, but is clearly indicated by the words "besoekers/visitors" on the kerb, and is meant for visitors only. |
| Yellow | Special parking for staff and students with disabilities. The disc holder may park in the specific bay indicated on the disc or, in emergencies, in any bay indicated as designated (disabled) parking. |
| Orange | Service vehicles. These discs will be issued later. Information on where service vehicles may park will still be communicated. |

## What does the information on your parking disc mean?






# Rektor wen Kuyper-prys

***Prof Russel Botman, US-Rektor, het in April die Princeton-Teologiese Seminarium in Amerika se Abraham Kuyper-prys vir Uitnemendheid in Gereformeerde Teologie en die Openbare Lewe ontvang. Hier vertel hy meer oor die prys en sy besoek daar.***

Die Kuyper-prys word beskou as een van die hoogste eerbewyse aan gereformeerde teoloë wêreldwyd. Boonop is jy die eerste persoon van Afrika binne die Gereformeerde tradisie wat dié prys ontvang. Wat beteken dit vir jou?

Dit is vir my 'n groot eer om hierdie toekenning te ontvang, spesifiek oor die nalatenskap van Abraham Kuyper en die statuur van die Princeton- Teologiese Seminarium. Die prys beklemtoon die belangrike rol van multidimensionele leierskap. Ek was nog altyd verbind tot die soort teologie wat openbare betrokkenheid aanmoedig. Die toekenning laat die kollig op die mense van ons vasteland val. My wens is dat dit geleenthede vir ander mense van Afrika sal skep om bydraes op die internasionale verhoog te maak. Daarom wil ek die prysgeld bydra tot die beursfonds van die HOOP Projek.

Jy het met jou besoek aan Amerika om die prys te ontvang 'n lesing gelewer, getitel "Vrees, hoop en die Afrika-droom: 'n ekumeniese collage". Vertel meer.

Ek het onder meer die huidige globale ekonomiese krisis aangespreek en spesifiek gefokus op die impak daarvan op jongmense en hul toekoms. Ek het verwys na die hoë vlakke van wanhoop wat ons vandag sien, en ondersoek ingestel na wat dit beteken om te hoop ten spyte van hierdie omstandighede. Ek het aangevoer dat ons eintlik besig is om ons ongebore nageslag op te offer weens ons eie gebrek aan verantwoordbaarheid aan die volgende generasie.

Daar was ook 'n paneelbespreking waaraan jy deelgeneem het en oor "Die bydrae van teologie en die hoëronderwys in Afrika vandag" gepraat het. Wat het dit behels?

Hoëronderwys het 'n belangrike rol te speel in die bevordering van menslike ontwikkeling. Universiteite moet nie net uitnemendheid nastreef nie, maar ook relevansie. Deur die wetenskap vir maatskaplike voordeel te bedryf, kan universiteite van die wêreld 'n beter plek help maak. Hierdie benadering onderlê die US se HOOP Projek.



*US-Rektor, prof Russel Botman*

## Meer oor die Princeton- Teologiese Seminarium

Dié Seminarium is in 1812 deur die Presbiteriaanse Kerk gestig. Dit word beskou as een van die wêreld se vernaamste en mees invloedryke seminariums, en het al talle toonaangewende teoloë en Bybel-navorsers opgelewer. Dit is ook die tuiste van die grootste teologiese biblioteek in Amerika. Die Seminarium is onafhanklik van die Princeton-universiteit, hoewel die twee instellings formele bande het.

## Wie was Abraham Kuyper?

Abraham Kuyper (1837-1920) was 'n Nederlandse teoloog, joernalis en politikus wat in 1880 die Vrije Universiteit Amsterdam help stig het. Hy was instrumenteel in die herlewing van Calvinisme. In 1898 het hy Princeton besoek en het daardie jaar die sogenaamde "Stone Lectures" gelewer waarin hy oor Calvinisme gepraat het. Kuyper was toegewyd aan die waardes en belang van Christelike leer.

Die 2013 Kuyper-konferensie het gefokus op die verhouding tussen die kerk en akademie. Die Kuyper-prys word jaarliks sedert 1998 deur die Princeton-Teologiese Seminarium toegeken aan 'n "uitstaande navorser of gemeenskapsleier wat bygedra het tot die visie van godsdienstige betrokkenheid by sake van maatskaplike, politieke en kulturele belang".

# Mediese musikante IN DIE KOLLIG



*Jason Rodrigues dirigeer die Mediese Orkes tydens 'n konsert op die Tygerberg-kampus.*
*Foto: JOHAN WIID*

Om pragtige musiek te skep en dit met ander te deel – dít was die visie van 'n groep studente en personeel van die US se Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe toe hulle in Mei 2011 die heel eerste US Mediese Orkes op die Tygerberg-kampus tot stand gebring het.

> *"Ons hoop om nog meer musikante met hierdie nuwe onderneming te betrek en om meer geleenthede te bied vir die nie-tradisionele orkes-instrumente, soos ons saksofone, om hul vaardighede ten toon te stel."*

Met 'n repertorium wat wissel van die werke van sommige van die wêreld se grootste klassiekemusiek-komponiste tot ligter musiek uit operette en rolprente, het die orkes van krag tot krag gegaan sedert hul eerste gala-konsert op die kampus in September verlede jaar.

Onder leiding van Jason Rodrigues, 'n senior dirigeerstudent aan die US se Musiekdepartement, en prof Corvin Matei van dieselfde departement, het die orkes 'n opwindende program vir 2013 saamgestel. Hul eerste uitvoering is op Woensdag 15 Mei om 19:00 in die Endlersaal van die Konservatorium in Stellenbosch. Ander optredes sluit in kamermusiekkonserte en 'n gala-konsert in September.

Intussen het die orkes verder uitgebrei en 'n nuwe vertakking behels 'n talentvolle jazz-orkes onder leiding van Karla Arends, een van die Fakulteit se MBChB-derdejaarstudente.

"Ons hoop om nog meer musikante met hierdie nuwe onderneming te betrek en om meer geleenthede te bied vir die nie-tradisionele orkes-instrumente, soos ons saksofone, om hul vaardighede ten toon te stel," sê stigterslid en MBChB-student, Helene-Mari van der Westhuizen.

Volgens haar is die doel van hierdie musikale projek op die kampus om "die genot van saamspeel te balanseer met die skep van musiek van hoë gehalte".

Sedert hul eerste optrede het die orkes tot so 'n mate gegroei dat hulle nou kan spog met 35 lede, insluitend studente van die Fakulteit en klinici van die Tygerberg-hospitaal. Die eerste klinikus om aan te sluit was dr Kobus van der Walt, wat die kontrabas speel.

Musikante wat belangstel om by die orkes aan te sluit of diegene wat meer inligting wil hê oor vanjaar se konserte kan Helene-Mari kontak by 15635317@sun.ac.za. Of besoek die orkes se Facebook-blad (Stellenbosch Universiteit Mediese Orkes).



*An engaging book, an unconventional classical music concert and some Thai food are on the menu this month. Dr Mandisa Mbali's new book explores Aids activism in South Africa, while the US Camerata will give a live performance of the soundtrack of a local movie which will be shown in the Endler Hall. Also, discover some Thai food at Suki Thai.*

## Etenstyd

Hierdie maand besoek ons weer 'n Thai-restaurant in Stellenbosch – Suki Thai, op die hoek van Andringastraat en Banhoekweg.

Dit is Hayashi, ook in Andringastraat, se susterrestaurant, maar in sommige opsigte bied Suki Thai jou 'n ietsie meer.

As jy van mengeldrankies hou, kan jy ná werk by Suki Thai gaan inloer en 40%-afslag kry op jou drankie. Daar is ook afslag op soesji, en dis veral die soesji-buffet op 'n Sondag wat talle lok.

Nog 'n spesiale aanbod wat dié restaurant dikwels bied, is agt gratis stukkies soesji met een van hul vyf gewildste geregte. Onder hierdie geregte tel die Thaise groenkerrie, asook soet-en-suur hoender of vark.

Omdat Suki Thai buite die dorpskern geleë is, is dit nogal rustig oor middagetes. Met die dekor probeer hulle ook 'n rustige atmosfeer skep – veral met daardie groot vistenke.




## Listen

For the first time in the history of the Endler Concert Series a live orchestral performance will accompany the screening of a film.

The screening of the Afrikaans film "Preek" will take place as part of the concert series on 18 May at 20:00 and will feature the SU Camerata, whose work in the film industry has included the recording of soundtracks for *His Hunter's Heart*; the award winning Afrikaans drama, *Die Wonderwerker*, and the yet to be released animated feature film, *Khumba*.

A large movie screen will be erected in front of the Endler organ on which the movie will be projected while composer, Jan-Hendrik Harley, directs the Camerata on stage.

"The musicians will play with one-sided headphones on through which a click track will be played. This will enable them to sync perfectly with the picture. This is the same method used when pre-recording film soundtracks," says Peter Martens, cellist.

The film tells the touching story of an Afrikaans theology student whose searching for and establishment of his



own identity is complicated by family circumstances that lead to a most intricate and sometimes disturbing chain of events. The characterisation is realistically portrayed, the acting is good and the black and white cinematography is artistically done.

According to Harley the score was conceived in little over two weeks in January 2010, in time for the first screening in February 2010.

The project formed part of the graduate work of three Master's students, being the brainchild (and practical component to his Master's degree in fine arts) of Benjamin Mamewick (writer, producer and director), later involving Rhyno Jansen (sound and final mix) and Harley.

Although the film is by no means overly crude or consistently violent, there are scenes that might offend sensitive viewers. The film therefore contains a 16 age restriction.

Tickets will be available at Computicket or the Endler Hall.

## Read

What did South African Aids activists contribute, politically, to early international advocacy for free HIV medicines for the world's poor?

That is the question asked in a new book by Dr Mandisa Mbali, a lecturer in the Department of Sociology and Social Anthropology at SU. The book is titled *South African Aids Activism and Global Health Politics*.

"My book deals with the history of South African Aids activism, including the Treatment Action Campaign (TAC), with a special focus on the international alliances the TAC activists forged with their counterparts in other countries," Mbali explains.

"I refer to the development of such links as the 'transnationalisation' of South African Aids activism. Their forging of international links mattered because together with their foreign allies, they influenced the thinking at and policies of the United Nations and foreign donors and governments on global health," she adds.

Mbali is a Rhodes scholar and obtained her doctorate in Modern History at the University of Oxford in the United Kingdom.

She completed postdoctoral training at Yale University in America and has published a journal article and book chapters on post–apartheid Aids activism and policy-making.

In the book, she demonstrates that the TAC gave moral legitimacy to the international movement which enabled it to effectively push for new models of global health diplomacy and governance.

But how does this book differ from other books on HIV/Aids?

"There are already several books and journal articles which deal with HIV/Aids policy and activism in South Africa, as well as some that deal with Aids activism 'beyond borders'. What I'm particularly interested in – what I think is new and important about my book – is its discussion of the specifically South African 'ingredients' of the moral legitimacy which our country's activists added to international HIV treatment activism," Mbali says.

The chapters in the book cover Aids activism by health workers, the gay community and women in particular.



# Ontspan die spiere

*Kampusgesondheidsdiens het pas sy nuwe fisioterapie-dienste by Coetzenburg bekendgestel. KAMPUSNUUS vertel meer oor die dienste wat beskikbaar is vir alle US-personeel.*

As ons liggame onder fisieke stres verkeer, is dit dikwels fisioterapeute wat ons van ons pyn en daardie gespanne en stywe spiere kan verlig. Van sportbeserings tot probleme in jou senuweestelsel kan deur fisioterapie behandel word.

Fisioterapeute is dus nie net daar om sportmanne en -vroue te help nie. As jy heeldag agter jou rekenaar sit, word jou spiere ook tot die uiterste getoets. 'n Besoek aan die fisioterapeut bied dalk net die oplossing.

Reeds sedert 1 Desember verlede jaar lewer Kampusgesondheidsdiens (KGD) ook 'n fisioterapie-diens aan studente en personeel van die Universiteit. Hierdie diens is ondersteunend tot KGD se vier bestaande fokus areas van dienslewering, naamlik akute geneeskunde, voorkomende en bevorderende geneeskunde, sport-en-oefeningsgeneeskunde, asook beroepsgeneeskunde.

Drie kundige fisioterapeute – Greshne van Wyk, Tanya Green en Margaret van den Heever – lewer tans diens in die praktyk wat in die Sportwetenskapgebou (op die grondvloer reg langs die Biokinetika-sentrum) by Coetzenburg gevestig is. Die fasiliteit bestaan uit vier konsultasie-afskortings en 'n rehabilitasie-area.

Die fisioterapeute behandel 'n verskeidenheid toestande (sien kassie hiernaas).

Daar word ook bystand by sport- en ander byeenkomste gelewer. Atlete kan voor deelname die praktyk besoek vir verbinding ("strapping") waar gebruik gemaak word van die jongste materiaal en tegnieke beskikbaar.

Daar is reeds 'n bestaande verbintenis tussen KGD en Maties Sport, en dus skakel die praktyk se fokusareas hierby in. In die kort tydjie sedert Desember het die fisioterapeute reeds ondersteuning gebied aan Maties Rugby (tydens die Varsitybeker) en Maties Swem (tydens die kampioenskappe in Port Elizabeth).

Verskeie studente-atlete (koshuis, provinsiaal en nasionaal) besoek reeds die praktyk vir behandeling. Matie-atlete word ook vanaf die akutebeseringsprogram, 'n inisiatief van Maties Sport en KGD, vir behandeling na die fisioterapeute verwys.

Die posisionering in die Sportwetenskapgebou vergemaklik ook die geïntegreerde rehabilitasiebenadering in samewerking met Biokinetika.

Alle personeel en studente van die Universiteit, asook die algemene publiek, kan van die dienste gebruik maak.

- Die fasiliteit is amptelik op 2 Mei geopen. Vir meer inligting skakel 021 808 3392.



*Margaret van den Heever help haar pasiënte, Alta-Marie Bekker.*
*Foto's: JUSTIN ALBERTS*



*Greshne van Wyk werk aan 'n sportbesering van Lihlei Tini.*

## Wat behels die fisioterapiediens?

Die dienste wat aangebied word, sluit onder meer in die behandeling van:

- Hoofpyn, Nekpyn of -styfheid, rugpyn of -styfheid
- Lit- en Spierverstuiting
- Rehabilitasie ná operasies
- Senuweestelselsimptome, soos "pins and needles"
- Postuurverbetering en ergonomie
- Assessering en behandeling van werksbeserings (WCA)
- Muscolo-skeletale siftings
- Verbinding
- Akute en chroniese sportbeserings





# Geskiedenis in tye van verandering

*Hy het nie gedink hy sal die Stalsprys vir Geskiedskrywing ontvang nie nadat hy vantevore sekere bedenkinge daaroor gehad het. Maar hy is nietemin dankbaar daarvoor, het prof Albert Grundlingh aan STEPHANIE NIEUWOUDT gesê.*

Sowat drie weke nadat aangekondig is hy het die Stalsprys van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns ontvang, skerts prof Albert Grundlingh, voorsitter van die Departement Geskiedenis oor 'n akademiese skrywe van 1990: *Politics, Principles and Problems of a Profession: Afrikaner Historians and their Discipline*, c192- –1965 . Daarin maak hy die aantyging dat die Stalsprys net aan akademici van die US toegeken word. En as 'n Stellenbosse historikus dit nie ontvang nie, is die Universiteit diep teleurgestel in die individu. Grundlingh was toe aan Unisa verbonde.

"Ek moet pa staan vir dié skryfsel," sê Grundlingh laggend. "Ek moet darem byvoeg, dit was 23 jaar gelede. En ek was baie jonger."

Intussen was daar ook al ander geskiedskrywers wat nie aan die US verbonde is nie wat die prys ontvang het, insluitend Dan Sleigh en Fransjohan Pretorius.

Waarom dink hy 'n geskiedenisdepartement is vandag nog relevant?

"Dis dalk veral vandag relevant in die land waar die geskiedenis altyd in die spervuur is en waar sekere groepe die verloop van sekere gebeure vir hulself probeer toeëien. Soos die ANC wat ander rolspelers se rol in die bevrydingstryd probeer ontken. Bevryding is nie net noodwendig 'n fisieke stryd nie. Dit is ook iets wat in mense se koppe is."

Die gebeure van die verlede het ook altyd die vermoë om diep letsels te maak. In Stellenbosch, sê Grundlingh, sien 'n mens nog onder mense van die bruin gemeenskap die pyn oor die onregte wat hulle aangedoen is toe hulle deur die owerhede gedwing is om uit Die Vlakte – wat strek van Mullerstraat in die noorde tot Merrimanlaan in die suide, en van Birdstraat in die weste tot Joubertstraat in die ooste – weg te trek.

"Stellenbosch is onder die top 300 universiteite ter wêreld. Die gesprek oor die geskiedenis en die verlede moet hier voortgesit word. Daar is ook onder wit studente 'n behoefte om te weet wat hul ouers gedoen het veral tydens die grensoorlog."

Om die vrae te antisipeer en te beantwoord is 'n deurlopende kenmerk van die Departement se vakinhoud.

"Die verlede is nie iets vreemds nie. Dit is lewendig en dit is nou deel van ons."

Grundlingh het in 2001 by die Departement Geskiedenis aangesluit. Dit was 'n tyd van groot onsekerheid oor die waarde van 'n geskiedenisdepartement. Dit het ook nie gelyk asof studente belangstel in die vak en die loopbaanmoontlikhede wat dit gebied het nie. Daar was byvoorbeeld net 120 studente in die hele departement waarvan net 10 derdejaars was. Vandag is daar nagenoeg 700 inskrywings vir die verskillende modules en 14 is besig met doktorale navorsing.



*Prof Albert Grundlingh* *Foto: ANTON JORDAAN*

Die prentjie het dramaties verskil van wat in die 1980's by Unisa gebeur het. Toe was daar 10 000 geskiedenisstudente. "Swart studente het geskiedenis gesien as deel van die stryd. Die groot getalle is ook gestu deur die feit dat daar subsidies vir honneursstudente was."

Tien jaar later was geskiedenis as vak onder druk by die US en elders. "Toe ek hier aangekom het, was daar by die universiteitsowerhede 'n behoefte om die departement te laat oorleef en groei. Ek was gelukkig, want die universiteitsbestuur was die departement uiters goedgesind. Die personeel van die departement was ook toegewyd en het my planne ondersteun."

Dié planne het behels dat kursusse geherstruktureer moes word en van dosente is verwag om hul klasse op dinamiese wyse aan te bied. Groot klem is ook op navorsing geplaas.

"Ek glo ook die oopdeurbeleid wat by die departement gevolg word, dra by tot die belangstelling. Ons is deurlopend beskikbaar om met studente gesprek te voer en hulp te bied. 'n Mens moet egter in gedagte hou die departement is soos 'n besigheid. Jy moet aanhoudend studente werf en sorg dat jy vernuwend te werk gaan. Jy kan nie bekostig om houtgerus te wees nie."



*SU has renewed its longstanding partnership with Hamburg University during a recent visit to Germany by Prof Eugene Cloete, Vice-Rector: Research and Innovation. On 15 April, Cloete (right) and Prof Dieter Lenzen, Rector of Hamburg University, signed a Memorandum of Understanding with the aim of strengthening the academic ties between the two institutions. The University of Hamburg has identified SU as a strategic partner and the agreement has been concluded to facilitate various collaborative activities between SU and Hamburg University including research cooperation, staff exchanges and student exchanges.*



*On 16 April, Prof Niel Krige (centre) of the Department of the Business Management in the Faculty of Economic and Business Sciences delivered his inaugural lecture titled "Some Perspectives on Planning for Retirement". Pictured here with Krige are Prof Arnold Schoonwinkel, Vice-Rector: Learning and Teaching, and Prof Johann de Villiers, Dean of Economic and Business Sciences.* Photo: ANTON JORDAAN

## ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS


### TE KOOP / FOR SALE

**Car for sale:** 2004 VW Golf 1.4i 2010. Blue. Central locking and alarm. ±98 000km. Please call 071 474 6528 for further details.

**Vierslaapkamerhuis te koop in Struisbaai:** dubbelgarage, loopafstand van die see, groot kombuis met spens, braaikamer, veiligheidshekke en alarm in die huis, asook aparte grondvloerwoonstel. Prys op aanvraag. Kontak eienaar Aletta Matthee by 028 435 7618.

### SAAMRYKLUB / LIFT CLUBS

**Stellenbosch – Onrus:** Saamrygeleentheid een of twee maal per week vanaf Stellenbosch Universiteit na Onrus (Hermanus) gesoek. Kontak Martie van der Linde mvdl@sun.ac.za.






*Die Ingenieurswese Opedag het op 20 April plaasgevind. Hierdie reuse-spanpoging waaraan studente en personeel deelneem is die grootste bemarkingsinisiatief by die Fakulteit en lok jaarliks groot getalle besoekers. Altesaam 400 studente het die uitstallings en demonstrasies beman of as toergidse opgetree. Hulle was baie duidelik herkenbaar aan hul heldergroen hemde wat deur Aurecon geborg is. Op die foto heelbo verwonder besoekers hulle aan 'n uitstalling deur die Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurwese. Op die foto bo luister leerders aandagtig na 'n student se aanbieding by die Departement Prosesingenieurswese.*



*Prof Marianna Visser van die Departement Afrikatale in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe het op 9 April haar intreerede getiteld "African Languages in a new Linguistic Dispensation: Challenges for Research and Teaching at Universities" gelewer. Hier is Visser saam met prof Eugene Cloete, Viserektor: Navorsing en Innovasie, en prof Johan Hattingh, Dekaan van Lettere en Sosiale Wetenskappe, by die intreerede.* Foto: ANTON JORDAAN